



MED IN OPVOEDKUNDIGE ONDERSTEUNING INLIGTING

Programbeskrywing

Hierdie tweejaar- deeltydse program bied aan opvoeders en fasiliteerders wat binne die formele en/of informele sektor werkzaam is die geleentheid om kennis en vaardighede te ontwikkel ten einde die behoeftes aan ondersteuning en navorsing in 'n snel-veranderende Suid-Afrikaanse opvoedingskonteks aan te spreek. Daar is drie fokus-areas in die program: Inklusiewe onderwys, assessering en leerondersteuning; Hulpverlening in skool- en gemeenskapsverband; en Inleiding tot kwalitatiewe navorsingsmetodologie.

Die doel van die program

Hierdie gestruktureerde program poog om opvoeders toe te rus om die potensiaal van leerders met diverse opvoedkundige behoeftes in hulle unieke opvoedkundige konteks(te), wat formele en nie-formele opvoedkundige gemeenskappe kan wees, te identifiseer. Verder ook die identifisering, voorkoming en ondersteuning van leerhindernisse wat in skole en gemeenskappe mag voorkom.

Die duur en aanbiedingswyse van die program

Die gestruktureerde program word oor 'n minimum van twee akademiese jare aangebied. Die wyse van aanbieding is kontakonderrig op kampus asook via die SUNLearn-platform. Die inname vir hierdie keuringsprogram word tweejaarliks gedoen. Voornemende studente doen voor 30 Junie van die voorafgaande jaar aansoek.

Toelatingsvereistes

1. 'n HonsBEd-graad of 'n ander vier-jaar Baccalaureusgraad in Opvoedkunde wat deur die US Senaat goedgekeur is vir hierdie doel; of
2. 'n Honneursgraad op NKR vlak 8 wat goedgekeur is deur die US Senaat vir hierdie doel en 'n goedgekeurde onderwysdiploma/-sertifikaat (addisionele studies in Opvoedkunde kan vereis word van hierdie kandidate);
3. 'n Algehele gemiddeld van 60% in BEdHons of ekwivalente studie;
4. 'n Module in navorsingsmetodologie op Honneursvlak geslaag;
5. 'n Minimum van twee jaar se formele onderrigervaring.

Aansoeke vir die 2019 inname sluit 30 Junie 2018

DOEN AANLYN AANSOEK: <http://t2000-05.sun.ac.za/eAansoeke/alg.jsp?TI=1>

Programinligting

- Besoek <http://www.sun.ac.za/english/Documents/Yearbooks/Current/Opvoedkunde.pdf>
- Kontak SU Kliëntediens by info@sun.ac.za / 021 808-9111
- Kontak die Fakulteitsbeampte by [021 808-4831/ eel@sun.ac.za](mailto:021_808-4831_eel@sun.ac.za) (huidige US studente)
- Verkry inligting ivm die program by die Departementele Administrateur, Me. C Fortuin cfortuin@sun.ac.za / 021 808-2308 en die program koördineerder, Prof. Doria Daniels doria@sun.ac.za
- DEPARTEMENT OPVOEDKUNDIGE SELKUNDE WEBTUISTE
<http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/education/educational-psychology/Pages/default.aspx>